# Eenheid 3 Roosterverwysings

**?**

**SLEUTELVRAAG**

Hoe help roosterverwysings om plekke op 'n kaart te kry?

**Posisie** – die plek waar iets is

Die **posisie** van iets is die plek waar dit is. Jou posisie in die klaskamer kan byvoorbeeld die derde lessenaar van voor wees. Of jy kan in die tweede ry van die deur af sit.

Jy kan 'n kaart gebruik om die posisie van 'n plek te kry. Jy wil byvoorbeeld die posisie van 'n spesifieke skool in 'n groot stad opspoor. 'n Rooster van vierkante word oor die kaart getrek sodat dit makliker is om plekke op die kaart te kry.

Die roostervierkante word benoem met getalle langs die kant van die kaart af. Die vierkante word ook benoem met letters aan die bokant van die kaart. Jy gebruik eers die letter en dan die nommer om elke blok te benoem. Byvoorbeeld, die blok in die linkerkantste hoek bo is A1. Hierdie "naam" word die **roosterverwysing** genoem.

## ① Aktiwiteit

1. Teken die rooster oor.
2. Skryf die naam van elke blok in. (Drie is reeds vir jou gedoen).

| | A | B | C | D | E | F | G |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | A1 | | | | | | |
| 2 | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | |
| 5 | | | C5 | | | | |
| 6 | | | | | | | G6 |
| 7 | | | | | | | |